Die saad wat nie wou groei nie

Lank, lank gelede was daar 'n keiser. Hy het vir sy seun 'n vrou gesoek.



Die keiser sê: "Plant die saad in 'n pot sodat die boom kan groei. Kom oor 'n jaar terug. Dan wys julle julle boompies vir my."



Op 'n dag nooi hy 'n paar jon meisies na sy paleis toe: die dogters van die dokter, van die bakker, die bankier en die boer. Hy gee vir elke meisie saad om 'n boom te plant.

Na 'n jaar kom die meisies weer paleis toe. Die dokter se dogter het 'n mooi, lang boompie in 'n groot, blou pot

Die bakker se dogter bring 'n sterk boompie met baie takke in 'n groen pot.

Die bankier se dogter het 'n klein boompie met mooi pienk blomme in 'n pienk pot.

Die boer se dogter het nie 'n boom nie. Haar pot is leeg.

Sy sê: "Ek is jammer, o, Keiser! Ek het die saad in goeie grond geplant. Ek het die saad elke dag water gegee. Maar die saad het nie 'n boom geword nie."

Die keiser sê: "Ek weet met wie my seun gaan trou. Die boer se dogter! Ek het vir almal ou saad gegee. Dit kon nie 'n boom word nie."

Die keiser sê verder: "Net die boer se dogter was eerlik. My seun kan met haar trou. Sy sal die beste vrou vir hom wees!"

- Vertel die storie vir 'n maat. Jy kan terugblaai as jy wil.

Pret met woorde: 'n Blokkiesraaisel

Skryf die woorde vir die prentjies in die blokkies **af** (*down*) en **dwars** (*across*).



Storietyd: 'n Chinese sprokie

Lees eers die woorde by die prente hardop.

keiser

seun, die prins

jong meisies

paleis

saad

dokter se dogter

bakker se dogter

bankier se dogter

boer se dogter

Voorspel

- Lees die titel en kyk na die prente op bl. 46–48.
- Wat dink jy gaan in die storie gebeur?
- Lees nou die storie hardop saam met die onderwyser.

Luister en praat

A **Kyk na die prent van die groentetuin.**
Wat groei in die tuin? Sê die woorde hardop.

Tina: Het julle 'n groentetuin by die huis?
Frank: Ja, ons het.
Tina: Wat groei in julle groentetuin?
Frank: Daar is tamaties, mielies, spinasie, boontjies, ...
Tina: Het julle aartappels?
Frank: Nee, ons het nie.
Tina: Het julle wortels en kool?
Frank: Ja! Ons eet lekker vars groente uit ons tuin.

B **Maak julle boeke toe.** Luister na die dialoog wat die onderwyser voorlees.

Terwyl jy luister, moet jy 'n lys maak van al die groente wat jy hoor. Skryf dit neer. Maak seker jy spel korrek.

Pret met klanke

Teken 'n boom en 'n blom.

Sê die woorde hieronder hardop. Spreek hulle korrek uit. Skryf die regte woorde in die boom of die blom.

boom	blom	oop	groot
kook	kok	op	grond

Lang oo-klank

oo



Kort o-klank

o